# SURF

STELLENBOSCH UNIVERSITY RETIREMENT FUND | STELLENBOSCH UNIVERSITEIT AFTREDEFONDS

NUUSBRIEF MAART 2023


## INHOUDSOPGAWE


1. Voorsittersverslag
2. Finansiële state: 31 Desember 2021
3. Bekendstelling van nuwe SURF-webwerf
4. Beleggingstrategie
5. Fondsbeleggings
6. Elektroniese voordeel- en projeksiestate
7. Lae vervangingsverhouding en hoe dit jou aftrede raak
8. Risikovoordeelveranderings vanaf 1 Januarie 2023
9. Administrasiebydrae vir 2023
10. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot SURF
11. Bestuur van die Fonds
12. Finansiële advies
13. Diensverskaffers van die Fonds
14. Belangrike kontakbesonderhede





## 1. Voorsittersverslag

Terwyl Covid-19 sedert vroeg in 2020 die nuus oorheers het, is die jaar 2022 onder andere gekenmerk deur die Russiese inval in Oekraïne, rentekoersverhogings deur sentrale banke, 'n beduidende styging in wêreldinflasie deels as gevolg van hoë energiepryse, en 'n infrastruktuurverbrokkeling in Suid-Afrika – alles faktore wat negatief ingewerk het op die beleggingsmark. Min bateklasse floreer in hierdie soort omgewing. Hoewel markte grotendeels onvoorspelbaar is oor die kort termyn, is hulle meer bestendig oor die langer termyn. Al het die Fonds se beleggingsportefeulje in 2022 gesukkel, is die goeie nuus dus dat die portefeulje oor die afgelope 10 jaar 'n gemiddelde opbrengs van 5.1% per jaar bo inflasie gelewer het. Die Raad van Trustees maak graag bekend dat die Fonds se portefeulje mededingende prestasie gelewer het en oor die langer termyn die beste gevaar het van al die kliënte wat deur Willis Towers Watson geadviseer word.

Lede se risikovoordele is einde verlede jaar hersien, en dit het gelei tot 'n beduidende verlaging van premietariewe terwyl voordeeldekking onveranderd gebly het. Hierdie veranderings het op 1 Januarie 2023 in werking getree en word in afdeling 8 toegelig.

Dit is belangrik om jou bydrae tot jou aftreefonds jaarliks te hersien om seker te maak dat dit genoeg is om met gemak te kan aftree. Die kostebesparing op jou risikovoordele gee jou die geleentheid om jou bydrae te verhoog en meer vir jou aftrede te spaar.

**Prof Niel Krige**
Voorsitter

## 2. Finansiële state: 31 Desember 2021

Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2021 is aan die Oudit- en Risikokomitee van die Raad van Trustees voorgelê. SURF se eksterne ouditeure, Ernst & Young, het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik. Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die Oudit- en Risikokomitee die finansiële state goedgekeur en die state by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

## 3. Bekendstelling van nuwe SURF-webwerf

Ons SURF-webwerf het 'n splinternuwe baadjie! Die nuwe surf.sun.ac.za is ontwerp sodat jy aanlyn vinnig inligting oor SURF kan opspoor en aan die gang kan kom.

Stuur gerus enige terugvoer na sun-e-hr@sun.ac.za.

Hierdie webwerf is 'n eerste vir die Fonds en ons wil graag hê dat dit so gebruikervriendelik as moontlik moet wees.

## 4. Beleggingstrategie

Die Fonds se doelwit is om veerkragtige portefeuljes te skep, deur te belê in bates wat waarskynlik sterk sal herstel ná 'n insinking.

Die ooglopende manier om sulke portefeuljes saam te stel, is om in verskillende idees te belê (d.w.s. 'n meer gediversifiseerde portefeulje te hê) en kapitaal toe te ken aan dele van die wêreld waar die onderliggende sisteem veerkragtiger is. In ooreenstemming met bogenoemde strategie het die Fonds tussen Julie en Oktober 2022 die internasionale blootstelling van die Groeiportefeulje van 30% na amper 45% opgestoot deur fondse in dele na die buiteland oor te plaas. Die Fonds sal natuurlik graag nog meer in die buiteland wil belê, maar word deur regulasies beperk tot 45%.

'n Belangrik punt om in gedagte te hou is dat die Raad nie weet of wêreldmarkte die Suid-Afrikaanse mark oor die lang termyn gaan oortref nie. Wat egter met baie groter sekerheid gesê kan word, is dat internasionale bates lede aan baie meer beleggingsidees blootstelling gee, en 'n internasionale portefeulje is veerkragtiger as 'n plaaslike portefeulje.

Die grootste risiko vir langtermynbeleggers is dat iets fundamenteel kan verander, wat die veerkragtigheid van die sisteem verswak. Die uitdaging is dat dit moeilik is om sulke veranderings te identifiseer, omdat hulle dikwels stadig gebeur en eers na baie jare, agterna beskou, duidelik word. Dit is baie soos die storie van die padda in die pot water – as jy die water stadig verhit, sal die padda uiteindelik lewendig gekook word.

Dit is dus belangrik dat die portefeulje blootstelling kry aan idees wat 'n wesenlike ontwrigting kan wees vir hoe dinge nou werk. In die lig hiervan, het die Fonds 'n klein blootstelling aan die Oxford Science Enterprises Fund. Hierdie belegging bestaan uit sowat 120 beginondernemings wat streef om die intellektuele kapitaal van die Universiteit van Oxford te kommersialiseer. Die idees fokus hoofsaaklik op lewenswetenskappe, maar daar is ook blootstelling aan maatskappye wat die uitdaging van fusie, landboutegnologie en kwantumrekenaarwetenskap probeer aanpak. Baie van hierdie maatskappye kan natuurlik misluk, maar net 'n paar suksesverhale is nodig om 'n goeie beleggingsopbrengs te verdien. Die Raad het ook 'n belegging in ongenoteerde Suid-Afrikaanse infrastruktuur. Die mate waarin 'n beleggingsbestuurder omgewings-, maatskaplike en bestuursfaktore (ESG) met hul beleggingsproses integreer, is steeds 'n belangrike kriterium vir die keuse van beleggings.

Hoewel dit belangrik is om 'n langtermynfokus te behou, moet die Raad ook die buigsaamheid hê om van besluit te verander of moontlike korttermyn-geleenthede te benut. Op die tydstip toe die Fonds die finale deel in die buiteland belê het om die buitelandse blootstelling van die Groeiportefeulje tot 45% te verhoog, het die rand (ZAR) bo R18 teenoor die Amerikaanse dollar (USD) verhandel. Die risiko was dat die Fonds die buitelandse blootstelling verhoog en dat die ZAR dan teenoor die USD versterk. 'n Mens kan aanvoer dat die Fonds, as 'n langtermynbelegger, verder as hierdie risiko moet kyk. Op daardie tydstip was daar egter 'n geleentheid om teen 'n billike prys dekking teen die versterking van die rand aan te gaan, en daarom het die Raad besluit om randverskansing te implementeer.

Ten slotte is die Fonds se Konserwatiewe Absolute Opbrengs- en Kapitaalbeskermingsportefeuljes bedoel vir lede met 'n korter beleggingshorison. Dit is verblydend om te kan meld dat beide portefeuljes gedurende die afgelope uitdagende jaar redelike opbrengste behaal het.

## 5. Fondsbeleggings

### Hoe het die portefeuljes gevaar vir tydperke tot 31 Desember 2022?


Die kort antwoord is dat die Fonds se beleggingsportefeuljes in 2022 gesukkel het om redes wat welbekend is – stygende rentekoerse, hoë inflasiekoerse, die impak van die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, en aan die tuisfront kommer oor ekonomiese groei en 'n verbrokkelende infrastruktuur.

Die vernaamste faktor wat beleggingsopbrengste oor langer tydperke beïnvloed het, is die swak prestasie van plaaslike bates terwyl beleggers bekommerd begin raak het oor Suid-Afrika se kwesbaarheid.

Die prestasie van die Fonds se portefeuljes (na aftrekking van fooie) vir metingstydperke tot 31 Desember 2022 word hieronder toegelig. Die Fonds se feiteblaaie verskaf meer inligting.

### Groeiportefeulje

Die Groeiportefeulje het 'n langtermyn-beleggingshorison. Die portefeulje sal altyd 70% tot 85% blootsteling aan die aandelemark hê. Dit beteken die portefeulje se opbrengs sal onbestendig wees en daar sal tye wees wanneer die opbrengs skerp daal. Oor lang metingstydperke behoort beleggers egter beloon te word vir die groter risiko wat hulle aanvaar, mits die onderliggende ekonomiese sisteem veerkragtig kan herstel.





Die volgorde van data op die horisontale as van die grafiek is ietwat ongewoon, omdat dit met die 10-jaaropbrengs begin en met die 1-jaaropbrengs eindig. Die rede hiervoor is dat lede op die langtermyn-opbrengste moet fokus. Die portefeulje het oor die afgelope 10 jaar 'n opbrengs van 5.1% per jaar bo inflasie gelewer, wat waarskynlik 'n billike beloning is vir die gepaardgaande risiko.

## Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje

Soos die naam aandui, is hierdie portefeulje bedoel om effens meer aggressief te wees as die Groeiportefeulje, en beleggingsbestuurders sal die batetoewysing van die portefeulje redelik beduidend verander.


Die portefeulje bestaan nog net 5 jaar en 11 maande, maar soos die grafiek hieronder toon, het dit te midde van moeilike marktoestande uitstekend presteer.




## Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje


Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje is geskik vir lede wat 'n korter beleggingshorison het. Die portefeulje sal gewoonlik net 35% tot 45% blootsteling aan die aandelemark hê. Dit het ook ten doel om 'n positiewe opbrengs oor deurlopende 12-maandetydperke te lewer, hoewel dit noodwendig soms negatief sal presteer oor 12 maande.

Die skerpsinnige leser sal oplet dat die volgorde van die opbrengste op die konvensionele wyse aangedui word, met die kortste termyn eerste. Die rede hiervoor is dat die portefeulje geskik is vir lede met 'n korter beleggingshorison, soos hierbo genoem.




## Shari'ah-portefeulje


Die portefeulje het 60% tot 70% blootstelling aan aandelemarkte en word ooreenkomstig Shari'ah-wette bestuur.



### Kapitaalbeskermingsportefeulje

Hierdie portefeulje belê ten volle in geldmark-tipe instrumente en is geskik vir lede met 'n baie kort beleggingshorison. Weens die korttermyn-aard van hierdie portefeulje wys ons net prestasie vir tydperke tot vyf jaar, hoewel die portefeulje 'n langer prestasiegeskiedenis het.

Soos te verwagte, het hierdie portefeulje die afgelope jaar die hoogste opbrengs gelewer. Die opbrengs is egter nogsteeds laer as inflasie, omdat die Suid-Afrikaanse Reserwebank tot onlangs nog 'n beleid van korttermyn-rentekoerse benede inflasie gevolg het. Die mark verwag dat hierdie beleid in 2023 gaan verander, wat beteken dat die Kapitaalbeskermingsportefeulje weer 'n opbrengs bo inflasie kan lewer.




### Inflasiegekoppelde Effekteportefeulje

Hierdie portefeulje is bedoel vir lede wat dit oorweeg om by aftrede 'n inflasiegekoppelde annuïteit aan te skaf. Die onderliggende konsep van hierdie portefeulje is dat die beleggingsopbrengs van minder belang is, omdat die portefeulje streef om die verandering in die prys van 'n inflasiegekoppelde lewensannuïteit te ewenaar. Dit is nogal 'n mondvol!

Effens eenvoudiger gestel – as rentekoerse styg, sal hierdie portefeulje 'n negatiewe opbrengs lewer. Die koste van 'n inflasiegekoppelde lewensannuïteit sal egter terselfdertyd afneem. Indien die prysdaling so te sê die negatiewe opbrengs op die portefeulje ewenaar, sal jy nogsteeds dieselfde pensioen as tevore kan koop.

Hierdie portefeulje is net op 'n keusegrondslag beskikbaar en omdat dit so ingewikkeld is, is dit raadsaam om finansiële advies in te win voordat jy jou geld hierin belê.

## 6. Elektroniese voordeel- en projeksiestate

Sedert 2020 stuur SURF beide voordeel- en projeksiestate elektronies aan lede via InfoSlips. Lede kan toegang tot hul state kry deur middel van 'n aanhangsel wat per e-pos aan hulle gestuur word. Die state word beskerm deur 'n wagwoord, wat jou identiteitsnommer of jou paspoortnommer sal wees. Harde kopieë van state sal nog steeds verskaf word aan lede wat nie toegang tot e-pos of die internet het nie. Lede kan ook toegang kry tot alle state wat via bogenoemde platform aan hulle gestuur word, deur hul identiteitsnommer as wagwoord te gebruik.

Onthou, die projeksiestaat wat by jou voordeelstaat ingesluit is, is bloot 'n riglyn om die geraamde maandelikse pensioen soos op die normale aftreedatum te bepaal. Daarom is dit belangrik dat jy eers 'n finansiële adviseur raadpleeg voordat jy enige besluite oor jou aftrede neem. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen kan eers bepaal kan word wanneer die pensioen gekoop word. Neem asseblief kennis dat die geraamde maandelikse pensioen uitgedruk word as 'n persentasie van jou maandelikse pensioengewende inkomste. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die pensioengewende inkomste wat vir die projeksies gebruik word, vir die meeste personeellede 75% van hul indiensnemingskoste beloop.

Die aannames waarop die projeksiestate berus, is dieselfde as dié wat deur die pensioenberekenaar *(Retirement Calculator)* op Sanlam se aftreefonds-webwerf *(Retirement Fund Web)* gebruik word.

Met die berekening van die geraamde pensioen by aftrede neem die projeksiestate van 31 Desember 2022 ook die na-aftrede mediesefonds-subsidie in ag waarvoor sommige lede kwalifiseer. Dit is 'n waardevolle voordeel en wys watter verskil dit aan jou aftreeprojeksies maak.

Jou voordeelstaat bevestig jou fondswaarde soos op 31 Desember 2022 en jou aftreefondsbydraes vanaf 1 Januarie tot 31 Desember 2022, asook aftree-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele.

Gaan asseblief die inligting op jou voordeelstaat na en kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum (**+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za**) indien enige besonderhede op die staat nie korrek is nie.

Jy sal op **InfoSlips Viewer** na jou vorige voordeel- en projeksiestate kan kyk. Om dit te kan doen, moet jy op InfoSlips Viewer registreer.

**Hier is 'n paar eenvoudige stappe om toegang tot jou state te verkry:**

- Gaan na https://viewer.infoslipscloud.com en klik op "Register" onderaan die bladsy.
- Jou gebruikernaam is jou e-posadres. Tik 'n wagwoord in wat jy sal onthou. Die wagwoord moet 'n Hoofletter, syfer en akroniem bevat.
- Klik op "Register".
- Kies Suid-Afrika as 'n land.
- Kies jou e-posadres en "Sign up".
- InfoSlips sal vir jou 'n SMS as bevestiging stuur, sodat die gebruiker die registrasieproses kan voltooi.
- Klik op die skakel in die SMS vir die gebruiker om 'n aanmeldprofiel te skep, en kies dan "Update" om die registrasieproses te voltooi.
- By voltooiing kan die gebruiker aanmeld deur die profiel te gebruik wat geskep is, en na alle vorige state kyk.

## 7. Lae vervangingsverhouding en hoe dit jou aftrede raak

Om te bepaal of jy genoeg vir jou aftrede spaar, is dit belangrik om jou huidige vervangingsverhouding te bereken. Jou vervangingsverhouding bepaal of jy met gemak sal kan aftree. Volgens die kenners moet jy 'n vervangingsverhouding van 80% hê, wat beteken dat jou aftree-inkomste minstens 80% van jou pensioengewende salaris net voor aftrede moet wees.

Om 'n vervangingsverhouding van 80% te kry, moet jy gemiddeld 17% van jou pensioengewende salaris oor 'n tydperk van 40 jaar tot jou aftreespaarfonds bydra. As jy dus jou bydrae in die verlede verlaag het en minder as 15% van jou pensioengewende salaris bydra, spaar jy minder as wat nodig is om 'n gerieflike aftrede te verseker.

## 8. Risikovoordeelveranderings vanaf 1 Januarie 2023

### Nie-goedgekeurde groeplewensdekkingvoordeel

Jou nie-goedgekeurde sterftedekking het van Momentum oorgegaan na Sanlam Groeprisiko, wat 'n meer mededingende premietarief bied. Jy het die keuse om jou sterftedekking-veelvoud van vyf keer jou jaarlikse pensioengewende salaris na drie keer jou jaarlikse pensioengewende salaris te verander. Hierdie opsie is vir jou beskikbaar van 1 Januarie tot 31 Maart 2023. Jy kan ook kies om jou sterftedekking-veelvoud te verhoog of te verlaag wanneer sekere lewensveranderende gebeurtenisse plaasvind, soos 'n huwelik of die geboorte of aanneming van 'n kind, dood of egskeiding van 'n gade.

### Goedgekeurde sterftevoordeel – Gade- en kinderpensioenvoordeel

Jou goedgekeurde sterftedekking het ook van Momentum oorgegaan na Sanlam Groeprisiko. Die Fonds kon daarin slaag om 'n laer premietarief te beding, terwyl jou voordele feitlik dieselfde bly. Dit raak baie duur om 'n inflasiegekoppelde verhoging vir hierdie pensioen te kry. Met die skuif na Sanlam het ons 'n pensioen verhoging gelyk aan inflasie aanvaar, maar dit word beperk tot maksimum 10%.

### Begrafnisvoordeel – Gesin en uitgebreide gesin

Daar is besluit om jou begrafnisdekking by Old Mutual te verhoog om met die immer stygende begrafniskoste tred te hou. Jou gesins- en uitgebreide gesinsdekking is van R20 000 tot R30 000 verhoog. Die premietarief vir jou gesinsdekking het van R33.50 tot R41.85 toegeneem.

### Die premietarief vir die uitgebreide gesinsdekking is soos volg:

| Ouderdom van Versekerde Uitgebreide Gesinslid | Tarief per Versekerde Uitgebreide Gesinslid per maand |
|---|---|
| 18 – 64 | R57.00 |
| 65 – 74 | R112.50 |
| 75 + | R183.00 |

Die verhoging van jou gesinsdekking beteken 50% meer dekking. Die styging in die premie vir gesinsdekking is net 25%, terwyl die premie vir uitgebreide gesinsdekking steeds mededingend is.

## 9. Administrasiebydrae vir 2023

Die jaarlikse aktuariële waardasie is afgehandel, en ons maak graag bekend dat jou bydrae tot die administrasie van die Fonds vir 2023 onveranderd bly, op 0.15% van jou pensioengewende salaris.

## 10. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot SURF

Ons moedig jou aan om op Sanlam se Aftreefonds-webwerf en die Sanlam-app (toepassing) te registreer om toegang te kry tot jou persoonlike besonderhede, en ook die beleggingsportefeulje-opbrengste en jou huidige fondskrediet te sien – alles met die klik van 'n knoppie, 24/7. Jy sal ook al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam via een portaal kan nagaan.

### Hoe kry ek toegang tot die aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web)?

- Besoek www.sanlam.co.za. Klik op *Login* (bo regs) en kies *Secure Services*.
- Kies *Register* en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (wat op jou voordeelstaat verskyn) of jou identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerkode / gebruikernaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.

**Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry.**
**Verander die tydelike wagwoord, omdat dit net een keer gebruik kan word.**

- Stoor die webwerf as 'n gunsteling in jou blaaier (browser) vir maklike toegang.

### Hoe kry ek toegang tot die toep?

Laai die **Sanlam My Retirement**-toep af van Google Play Store of Apple App Store.
Gebruik jou gebruikerkode en wagwoord vir Sanlam Secure Services om toegang te kry tot jou SURF-inligting.

## 11. Bestuur van die Fonds

SURF se Raad van Trustees bestaan uit vyf werkgewer- en vyf lidtrustees.

**Die trustees wat deur die werkgewer aangestel is, is die volgende:**

| Naam | Hoedanigheid | Agtergrond | Huidige termyn verstryk |
|---|---|---|---|
| Prof Niel Krige | Voorsitter en Werkgewertrustee | Prof Krige is buitengewone professor by USB en dien sedert 18 November 2005 as 'n trustee. | 17 November 2023 |
| Mnr Ebrahiem Abrahams | Werkgewertrustee | Mnr Abrahams is die waarnemende Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne. | 20 Julie 2025 |
| Mnr Manie Lombard | Werkgewertrustee | Mnr Lombard is Hoofdirekteur: Finansies en dien sedert 5 Mei 2011 as 'n trustee. | 4 Mei 2023 |
| Prof Wikus van Niekerk | Werkgewertrustee | Prof Van Niekerk is Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee. | 31 December 2025 |
| Prof Ingrid Woolard | Werkgewertrustee | Prof Woolard is Dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. | 24 April 2025 |

**Die verkose lidtrustees is:**

| Naam | Hoedanigheid | Agtergrond | Huidige termyn verstryk |
|---|---|---|---|
| Prof Tanja Ajam | Lidtrustee | Prof Ajam is 'n professor by die Skool vir Publieke Leierskap. Sy het sedert 7 Desember 2019 as 'n sekundus-trustee gedien en is sedert 28 Augustus 2020 'n volle lidtrustee. | 6 Desember 2025 |
| Mnr Ché Bermosky | Lidtrustee | Mnr Bermosky is 'n regsadviseur by die Universiteit. Hy het sedert 1 Januarie 2018 as 'n sekundus-trustee gedien en is sedert 7 Desember 2019 'n volle lidtrustee. | 6 Desember 2025 |
| Mnr Peter Kirsten | Lidtrustee | Mnr Kirsten is werksaam in die Vergoedings- en Voordele-afdeling van die Departement Menslike Hulpbronne en dien sedert 7 Desember 2016 as 'n trustee. | 6 Desember 2025 |
| Mnr JP Steyn | Lidtrustee | Mnr Steyn is van die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 28 Augustus 2020 as 'n sekundus-trustee en tans as 'n volwaardige trustee. | 6 Desember 2025 |
| Prof Johan van Rooyen | Lidtrustee | Prof Van Rooyen is 'n medeprofessor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee – aanvanklik as 'n sekundus-trustee en tans as 'n volwaardige trustee. | 6 Desember 2025 |
| Prof Corné Schutte | Sekundus-lidtrustee | Prof Schutte is 'n professor by die Departement Bedryfsingenieurswese. | 6 Desember 2025 |

Mnr Japie Kotzé, 'n direkteur in die Departement Menslike Hulpbronne, is sedert 1 Desember 2012 die hoofbeampte van die Fonds.

## 12. Finansiële advies

Ons herinner jou dat SURF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut. Die Raad van Trustees het tenders gevra om seker te maak dat ons nog steeds uitnemende diens teen 'n goeie prys lewer. Op grond van die uitkoms van die tenderproses is Efficient Wealth deur Momentum Consult vervang. Die res van die paneel is weer aangestel.

**Die paneel van voorkeurdiensverskaffers bestaan uit:**

**Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante:**
+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@aforbes.co.za

**Finfocus:**
+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

**Graviton:**
+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

**Momentum Consult:**
+27 (0) 86 177 7750 | mc.theart@consultm.co.za

**Sanlam Finansiële Advies:**
+27 (0) 83 375 9831 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za

**Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:**

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

**Hou ook die volgende voorleggings in gedagte wat vanjaar plaasvind:**

- Voorlegging aan lede van 53 jaar en ouer: 28 Maart.
- Voorlegging aan potensiële afgetredenes: 8 September.

## 13. Die diensverskaffers van die Fonds

Die volgende diensverskaffers is deur die Raad van Trustees aangestel om met die bestuur van die Fonds te help.

**Hul pligte word hieronder uiteengesit:**

| Diensverskaffer | Diens | Funksies wat verrig word |
|---|---|---|
| Simeka Konsultante & Aktuarisse | Voordeel- en aktuariële advies | • Advies oor die Fonds se voordeelstruktuur en veranderings in wetgewing.<br>• Hulp met kommunikasie aan lede.<br>• Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoesig.<br>• Opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardasie om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal. |
| Willis Towers Watson | Beleggingsadvies | • Advies oor die Fonds se beleggingstrategie.<br>• Bystand met die keuring en evaluering van beleggings-bestuurders. |
| Sanlam Aftreefonds Administrateurs | Fondsadministrasie | • Maandelikse elektroniese vaslegging van bydraes.<br>• Oorplasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders.<br>• Betaling van eise.<br>• Uitreiking van voordeelstate.<br>• Daaglikse boekhouding, en opstel van die finansiële jaarstate. |
| ABSA Bank | Bankiers | • Alle fondstransaksies vloei deur die Fonds se bankrekening. |
| Sanlam | Versekeraar | • Versekering van die Sterftevoordeel (Gade- en Kinderdekking) soos omskryf in die Fondsreëls. |
| Sygnia<br>Allan Gray<br>Coronation<br>Ninety One<br>Sanlam<br>Old Mutual<br>Stanlib | Batebestuurders | • Bestuur van die beleggings van die Fonds volgens die mandate waaroor met die Raad van Trustees ooreengekom is. |
| Ernst & Young Geïnk. | Ouditeure | • Doen eksterne oudits. |

## 14. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor SURF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelkonsultant in verbinding tree.

Kontak asseblief die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor SURF het.

| | |
|---|---|
| Hoofbeampte | **Japie Kotzé**<br>Tel: +27 (0)21 808 2754 \| Epos: jjsk@sun.ac.za |
| Inligtingsbeampte | **Japie Kotzé**<br>Tel: +27 (0)21 808 2754 \| Epos: jjsk@sun.ac.za |
| Voordeelkonsultant | **Wynand Breytenbach**<br>Tel: +27 (0)21 912 3300 \| Epos: wynand@simekaconsult.co.za |
| Vergoedings- en Voordele-afdeling | **Peter Kirsten**<br>Tel: +27 (0)21 808 3740 \| Epos: pkirsten@sun.ac.za / sun-e-hr@sun.co.za |
| Pensioenfondsberegter (PFB) | Epos: enquiries@pfa.org.za<br>Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webwerf (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede. |